
# 134 God, enkel lig voor ons gesig




Die sterrreprag verdwyn by dag
teenoor die son se luister;
soveel te meer is ons, o Heer,
teenoor u lig, die duister.

Heer, waar dan heen? Tot U alleen;
U sal ons nooit begewe.
U eie Seun, ons borg en steun,
is ook ons weg tot lewe.

Ja, amen, ja! Op Golgota
betaal Hy vir ons sonde,
en deur sy bloed word ons gemoed
gereinig van die sonde.

Gee ons al meer, om U te eer,
geloof, o Ewigsterke!
Dan doen ons bly, aan U gewy,
uit liefde goeie werke.

Christian F. Schubart (1739-91) P. D. Huet (1761-1810)